

2018 - Leef elke dag saam met Jesus!

- Joh 14:21 Wie my gebooië het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



- Gal 5:24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.
- Pro 3:1 My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooië bewaar;
- Psa 19:13 (19:14) Hou u kneg ook terug van moedswillige sondes; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestraflik wees en vry van groot oortreding.
- Psa 19:14 (19:15) Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!

Hoe kan ek die “Woord” van God verstaan en hoe kan ek ontvang wat God in Sy “Woord” belowe!

Heb 13:7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.

- Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

- Daar is een Woord (Die Bybel) – Glo dit
- Daar is een pad – Stap dit
- Daar is een lewe – Leef dit


- 1. Lees die Woord van God!
- 2. Stel jouself in om die Woord te verstaan!
- 3. Glo die Woord van God en moenie twyfel nie!
- 4. Reageer en word n dader van God se Woord!
- 5. Wees waaksaam want die versoeker ken ook die Woord van God!

- Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
- Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
- Mat 11:27 Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.
- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.
- Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.
- Rom 12:3 Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat ‘n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.

Daar is net een ware “Woord” – Die Bybel: Glo dit!

Psa 119:2 Welgeluksalig is die wat sy getuienisse bewaar, Hom van ganser harte seek;

- 2Ti 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid,
- 2Ti 3:17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.
- 2Pe 1:20 terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie;
- 2Pe 1:21 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.
- Psa 19:8 (19:9) Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.



- 2Ch 20:15 en hy het gesê: Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Jósafat! So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.
- 2Ch 20:17 Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die HERE by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die HERE sal met julle wees.



Wees stil en weet ek is die Heer!

- Psa 56:3 (56:4) Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou.
- Psa 46:10 (46:11) Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde.
- Joh 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
- Psa 62:1 Vir die musiekleier; op die wysie van: "Jedútun." 'n Psalm van Dawid. (62:2) Ja, my siel is stil tot God; van Hom is my heil.
- Psa 62:2 (62:3) Hy alleen is my rots en my heil, my rotsvesting; ek sal nie grootliks wankel nie.
- Heb 13:6 Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?
- Psa 55:17 (55:18) Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem.
- Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.
- Psa 145:18 Kof. Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.
- Act 17:26 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het,
- Pro 8:35 Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehae van die HERE.
- Psa 120:1 'n Bedevaartslied. Ek roep die HERE aan in my benoudheid, en Hy verhoor my.
- Jer 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.
- Jer 29:12 Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister.
- 2Ch 7:14 en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.
- Rom 14:11 Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.
- Mar 12:30 en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.
- Mar 13:31 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Die boek van Johannes

- Johannes skryf hierdie evangelie uit die oog van n Arend “Wanneer n arend vlieg aanskou hy alles van bo” Johannes beskryf aan ons die boek van Johannes soos hy dit ervaar het!
- - sodat die mens kan weet wie Jesus is.
- - sodat die mens kan weet dat hy Jesus kan vertrou.
- - Johannes leer ons dat ons nie net Jesus moet vertrou oor die wonderwerke wat Hy gedoen het nie, maar ons moet waarlik vertrou dat Hy die ware verlosser is en as ons waarlik in SY naam (Jesus) glo, ons self die wonderdade sal beleef wat Jesus gedoen het.
- - In die optrede van Jesus leer ons God ken.
- Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
- Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, ‘n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.
- Joh 1:18 Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.
- Joh 20:30 Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie;
- Joh 20:31 maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.
- Joh 2:11 Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galiléa gedoen; en Hy het sy heerlijkheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo.

Die Woord het mens geword!



- Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
- Gen 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.
- Joh 17:5 En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.
- Col 1:17 En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.
- 1Jo 1:1 Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe—
- 1Jo 1:2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—
- Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.
- 1Jo 1:2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—
- Phi 2:6 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,

Die Woord het mens geword!



- Joh 1:2 Hy was in die begin by God.
- Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.
- 1Co 8:6 tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.
- Eph 3:9 en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,
- Col 1:16 want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.
- Heb 1:2 wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.

Die Woord het mens geword!



- Joh 1:4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.
- Joh 11:25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;
- Joh 1:5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.
- Joh 3:19 En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.
- Joh 1:6 Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.
- Mal 3:1 Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaare.
- Luk 3:2 tydens die hoëpriesterskap van Annas en Kájafas, het die woord van God gekom tot Johannes, die seun van Sagaría, in die woestyn.
- Joh 1:7 Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo.

Die Woord het mens geword!



- Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.
- Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.
- Joh 3:6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.
- Joh 3:7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.
- Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van **genade en waarheid**.
- Luk 1:28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. **(God het Maria gekies omdat Hy met haar lewe tevrede was)**

Die Woord het mens geword!



- Joh 1:8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.
- Joh 1:9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.
- Joh 1:10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.
- Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.
- Joh 1:11 Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.
- Act 3:26 God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer.
- Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
- 1Jo 3:1 Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.